word soos die fynste, delikate "sholin", die besemstyl met die mooiste fyngroei denkbaar en selfs as die Kremetartstyl met die regte snoeitegniek. Die blaarverkleining is onoortreflik en dit is veral geskik vir groepplantings. Hierdie bome het 'n baie treffende wintergewaad.

1.3. DORINGBOME (Acacia spp):

1.3.1. APIESDORING (Acacia galpinii):

Hierdie boompies kan al suksesvol as Bonsaimateriaal gebruik word vandat dit slegs een jaar oud is. Die blare verklein goed met die tweede ontblaring in die groeiseisoen. Dit het 'n pragtige skurwe stam.

1.3.2. KNOPPIESDORING (Acacia nigrescens):

Dit groei stadiger as die Acacia galpinii maar kan tog baie suksesvol vir Bonsai gebruik word.

1.3.3. SWARTAPIESDORING (Acacia burkei):

Hierdie boom is baie soos die Acacia nigrescens.

1.4. NATALVY (Ficus natalensis):

Dit groei maklik van steggies en is veral geskik vir klipplantings. Ongelukkig is die bome baie rypgevoelig maar dit kan binneshuis gehou word.

1.5. KEI-APPEL OF WILDE-APPELKOOS (Dolfyalis caffra):

Hierdie is 'n immergroen boom wat maklik groei met goeie blaarverkleining.

2. MINDER ALGEMENE SOORTE:

2.1. HUILBOERBOON (Scotia brachypetala):

Dit is 'n boom waarvan die blare swak verklein maar die interessante stamtekstuur en groeiwyse maak dit goeie Bonsaimateriaal.

2.2. KORAALBOOM (Erythrina):

Hierdie kan slegs as 'n Bonsai groter as 60cm gebruik word as die dik takke en blare in verhouding gehou wil word. Om die boom te laat blom moet dit nie na Januarie gesnoei word nie. Die blomme verklein glad nie.

2.3. TRANSVAAL LIGUSTER OF TRANSVAAL PRIVET (Galpinia transvaalica):

Dit is 'n skaars boom wat stadig groei. Blaarverkleining is egter goed en vertakking mooi.

2.4. WIT-OLIENHOUT OF WITSALIEHOUT (Buddleja saligna):

Hierdie boom groei maklik en het mooi klein blaartjies.

2.5. KAROOBOERBOON (Schotia afra) (Schotia afra afra):

Dit is 'n baie geharde boom en veral die variasie afra het baie mooi klein blaartjies.